Hoofstuk 55 - NATUURLIKE EN GEESTELIKE HUISSKOONMAAK (26.06.1841) HIM1.375

*J.G. vra om uitsluitsel, of en in watter mate ons in die geselskap van 'n beskermgees ("beskermheilige") is.*

1] Afhangend van die geloof van die mense, so is die uitwerking daarvan. Want geloof is die kragtige band waardeur liggaam, siel en gees aan mekaar gebind word.

2] Maar dit is onmoontlik dat ‘n werking in die fisiese wêreld sodanig verloop dat dit nie op die geestelike gebaseer wil wees nie. As iemand 'n behoefte voel, dit wil sê solank hy self op ’n natuurlike wyse met die natuurlike wêreld omgaan, sal hy dadelik na 'n manier soek om sy behoefte aan te spreek. Maar omdat elke mens in sy oorspronklike bestaan noodwendig net natuurlik is, weet hy min van die geestelike, hy sien dit nie, nóg hoor hy dit, en dít omdat hy, soos Ek gesê het, nog steeds in die natuurlike is.

3] Maar soos die oues van nature broos is, so is die mens in die vlees.

4] Wat doen ‘n huiseienaar as daar krake of ander gebreke in sy huis voorkom, wat hom laat vrees dat, as hy dit nie dadelik herstel nie, die huis uiteindelik so lendelam sal raak dat dit selfs ‘n ligte skudding nie kan weerstaan nie? Gaan die eienaar nie dadelik na (toepaslike) middele gryp om sy huis weer die behoorlike stewigheid te gee nie? Hy sal beslis, solank hy nie lou is nie en terdeë bewus is van die skade aan sy huis.

5] Watter middele dink julle sal die huiseienaar gebruik? Jul hoef nie lank te raai nie, en spoedig sal jy hom sien, sy huis laat ondersoek deur 'n boukundige. Maar as die kenner vir die huiseienaar sê: "Luister, My vriend! Jou huis sien sleg daar uit! Want die foute wat in die mure verskyn, is as gevolg van die slegte fondasie. Wat help dit jou as Ek sement oor die gebarste mure laat gooi en dit aan die buitekant sowel as aan die binnekant laat afpleister? By die geringste aardbewing sal dit jou en jou mense onder die puin begrawe."

6] Maar wanneer die eienaar sulke nuus van die boukundige hoor, raak hy ontmoedig oor die groot skade wat aan sy huis aangerig is en dink by homself: "Wat moet Ek nou doen? Moet Ek hierdie bouer glo, die huis heeltemal afbreek en 'n nuwe huis van die grond af bou, wat aansienlike koste sou meebring, of moet Ek ander kundiges op hierdie gebied aanstel en My lekkende huis verder laat ondersoek?

7] Nadat hy hieroor gedink het, het hy vir homself gesê: "Wat die raad van die eerste deskundige betref, dit is op sigself waar. Maar wanneer dit by die bou van ‘n nuwe huis kom, is dit nie nuttig om hierdie lekke te herstel nie, want ‘n nuwe huis kan enige plek gebou word; maar hier gaan dit oor die moontlike herstel van die bestaande stukkende huis!"

8] Daar word dus 'n nuwe vergadering gehou, waarby nie een nie, maar verskeie boumeesters betrek word. Maar nou besluit sommige soos die eerste. Ander stel egter maniere voor waarop hierdie huis herbou kan word, sodat dit so stewig soos 'n nuwe huis word, bo-op 'n stewige fondasie.

9] Wat dink jy nou, watter raad sal vir die eienaar van die huis welgevallig wees? Seker niks anders as die tweede raad nie.

10] Jy sien, elke mens se liggaam is niks anders as ‘n beweeglike huis van die gees nie.

11] Hierdie huis word dikwels deur veelvuldige gevare bedreig. Hierdie gevare is tot 'n mate reeds werklike krake in die huis, of is so geplaas dat die huis lewensgevaarlike krake kan ontwikkel, soos ervaar by ander huise.

12] Aangesien die natuurlike mens sulke dinge wel sien, wat is dan meer natuurlik as om met ander mense te raadpleeg oor hoe maklik hy sy reeds gekraakte huis kan herstel asof dit 'n nuwe huis is, of, wanneer hy ander gekraakte huise sien, vanuit sy onbeskadigde huis, hy dan dink hoe hy sy huis wil beskerm teen skade.

13] Hy wend hom ook eerstens, na die raad van die Woorde wat Ek tot alle mense gespreek het, tot My as die Hoof-Boumeester. Maar hierdie Boumeester verlang dat die verrotte huis heeltemal afgebreek, en in die plek daarvan 'n nuwe, stewige huis van die grond af gebou word.

14] Maar sulke raad kos die huiseienaar te veel. Daarom wend hy hom tot ander, minstens volgens hom, boumeesters. Baie van hulle adviseer hom op dieselfde manier as die Meesterbouer en daarom het hulle nie sy goedkeuring nie. Ander, wat egter nie streng by die woord van die groot Boumeester hou nie, raai hom aan om te herstel, waardeur hy as't ware sy huis as 'n nuwe huis kan onderhou en versterk, **welke raad die eienaar, wie op 'n dwaalweg gebring word, ook eerste volg.**

15] Maar wat dink jy, is hierdie raad goeie raad? Vir die eienaar is dit wel goed, want dit stem ooreen met sy wense. Maar op sigself is dit nie goed nie, want die huis bereik net 'n skynbare, maar geen werklike vastigheid nie.

16] Jy sien, dis die uitwerking van geloof! Hierdie band verbind nou die eienaar met die behoeftes van die huis self en met die hulp daarvan, wat vir hom glad nie te duur is nie. Maar soos die geloof, so ook die hulp! Vra jouself af; hoe verloop sulke sake by My?

17] Ek wil vir julle 'n klein gelykenis gee, en dit sal julle dien tot 'n geestelike spieël, waarin julle die beeld van 'n koste bewuste huiseienaar sal sien, hoe dit hom op die ou end by verre meer moeite en werk sal kos as hy sy huis besmeer, in plaas daarvan om dit dadelik af te breek en onder leiding van die groot Boumeester 'n nuwe, soliede huis te bou.

18] Maar hier is die gelykenis: Iemand is ten volle daarvan oortuig dat die vors van 'n staat so 'n minsame, goeie mens is, dat elkeen wat iets van hom vra, dit sonder verdere teenstand sal kry. Ten spyte van hierdie kennis, durf die behoeftige egter nie voor die drumpel van die monarg kom nie, maar hy kruip rond saam met al die howelinge, wie dit op die ou end vir hom so moeilik maak om toegang tot die monarg te kry, dat dit vir hom as 'n blote onmoontlikheid lyk om ooit by die monarg uit te kom, laat staan nog iets van hom te ontvang.

19] Daarom bly hy dan by die hofdienaars staan en soek alles by hulle en korrespondeer met die koning deur die mees onbegryplike kruiperigheid.

20] Maar die monarg sien sulke sagmoedigheid; en omdat die aansoeker nie gedwing mag word nie, laat hy dit by die nederige kruipery, tot op die tyd dat dit vir die monarg te veel word dat die arm mense, ten spyte van al sy onbegrensde vriendelikheid en minsaamheid, in die versoeking beland waar die arme mense te verlei word deur ander winssugtige makelaars, wat die hoofhelper vermy en hulp soek by diegene wat nooit kan help nie en wat, indien hulle dit kan doen, nie wil nie, omdat hulle selfsugtig is, en ook daarom, omdat die monarg agterdogtig na hulle sal kyk as hulle iets kwaad sou doen, wat nog altyd en alleen die besorgdheid van die monarg self was, is en sal bly.

21] Kyk, soos hierdie gelykenis aandui, so is dit met die mens wat elders anders hulp soek, as slegs by My.

## Liefde is die lewe self – Bertha Dudde - 4/1/60

7494 Alleen in die liefde vind julle die ware lewe, alleen die liefde wek julle tot lewe en die liefde behou julle vir die ewige lewe. Want wie in die liefde leef, leef in My en Ek in hom en omdat Ekself die Liefde en die Lewe van ewigheid is, moet ook alles in die lewe hulle in die liefde bevind, My Oerwese moet in diegene wees wat die liefde beoefen.

Julle het vir ewig aan die dood ontkom, wanneer die liefde julle tot lewe gewek het, want julle het dan ook aan hom ontkom wat die dood in die wêreld gebring het deur sy liefdeloosheid. Wie die liefde het, het ook die lewe. Lewe egter is om voortdurend gebruik te maak van My Krag, lewe is om voortdurend te vra om hierdie krag en dit te benut volgens My Wil. Dus kan niemand meer passief wees wat hom in die liefde en hom daarom in die lewe bevind nie, want hy sal steeds die krag wat hom deurstroom produktief maak volgens My Wil, wat ook sy wil is, omdat die liefde en die lewe steeds kontak beteken met My Self.

En daarom kan die mens al op aarde die volkome lewe van sy siel bereik, wanneer hy sy bes doen om in die liefde te lewe, wanneer hy homself deur die liefde met My verbind en nou voortdurend krag van My ontvang, wat nou ook “lewe” verraai, - ‘n toestand van vasberade bedrywigheid in geluksaligheid. Hierdie mens hoef ook ewiglik geen dood meer te vrees nie, want hy het dit oorwin, al kan dit ook vir die wêreld lyk asof die mens kragteloos is en nie meer in staat om aards aktief te wees nie, sy siel is egter nie meer gebonde nie, sy is vry en kan in haar vryheid werk en skep, wat egter ‘n meer geestelike uitwerking het as ‘n aardse, want dit gaan oor die ware lewe. Tog kan die lewe op aarde ‘n toestand van doodwees beteken, wanneer dit slegs die graad van lewe van die liggaam in ag neem, wat egter ook elke dag kan afneem, wat as ‘n toestand van dood sy liggaam en siel oorval en die lewe vir ewige tye verlore gaan. Daar moet vir die lewe van die siel gesorg word en dit gebeur alleen deur ‘n lewe in liefde, wat krag oplewer aan die siel en haar dus die ware lewe skenk wat bly voortbestaan tot in alle ewigheid.

Alleen die liefde verskaf aan julle so ‘n lewe en julle siel sal haar verheug om die weg uit die toestand van dood te gevind het na die toestand van lewend wees, waarin sy nou vasberade werksaam kan wees en ook werksaam is, omdat die voortdurende toestromende krag haar geen werkloosheid, geen beweginglooshei d meer toelaat nie, omdat sy arbei en skep volgens My Wil en hierdie arbeid bestaan daarin om die siele te help om hulself te verlos wat hulleself nog in die toestand van doodwees bevind en daarom, sonder krag is en hulp nodig het. Hierdie arbeid verrig die siel ook wanneer die liggaam daar niks van bemerk nie, want sy het haar geestelike bedrywigheid wat onafhanklik is van die liggaam, maar wat die siel nie meer loslaat wat lewend geword het deur die liefde nie.

Alleen liefde is ware lewe. Daarom sal julle julleself nie in die toestand van lewend wees kan bevind solank julle nog sonder liefde is nie en dus sal julle ook nie kan werk en skep vir die geestelike ryk, as die liefde by julle ontbreek nie. Is julle egter werksaam vir My ryk, dan sal die liefde ook nie by julle ontbreek nie en julle hoef alleen maar steeds te probeer om julle krag sterker te maak, julle hoef alleen maar steeds die liefde te beoefen, sodat steeds meer krag na julle sal stroom en julle bewustelik en onbewustelik nou sal kan arbei tot welsyn van die siele wat in nood is, omdat hulle die ware lewe nog nie gevind het nie.

Elke werk wat julle aan sulke siele verrig, is ‘n teken dat julle self die lewe gevind het en elke sodanige arbeid sal ook geseënd wees, want die lewe bring weer nuwe lewe voort en wat julle ontruk aan die ewige dood sal getuig vir julle en julle lewe, want julle sou niks kan doen as julle die lewe nog nie gevind het deur die vereniging met My en die voortdurende oorvloeiing van My Krag in julle nie. Julle leef en sal lewe vir ewig. En julle sal werksaam wees volgens My Wil en daarby self sal julle geluksaligheid vind, al op aarde en ook in die geestelike ryk. Amein.